

BENODIGDHEDE: Vir albei randjies: Pin-gouin Coton Madeira Nr. 5 (50-g-bolle); die hoeveelheid hang af van lengte van randjie wat gehekel word; hekelpen van 1,50 mm; gebruik 2-mm-pen indien jy styf hekel.

MATE: sigsagrand: 27 cm by breedste punt; reguitrand: 9 rye = 6 cm; lengte van 1 blaar 9 cm; reguit deel plus blaar plus sierrand = 17 cm.

AFKORTINGS: gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blok(kie(s)); herh – herhaal; spsp – spesiale spatie; vlg – volgende; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; p(s) – picot(s), 3 ks, gs in 1e ks.

Spesiale spatie: 1e ry: *3lb, 2ks, slaan 2 ste oor; herh vanaf*.

Daaropvlg rye: *3lb in sp, 2 ks; herh vanaf*.

Spasie vir rand met blare: 1lb om te begin; *1ks, slaan 1 st oor, 1lb om sp te voltooi.

Blokkie vir dié rand: 1lb om te begin; *1lb in vlg st, 1lb om blk te voltooi.

SIGSAGRAND

Let wel: 1e-9e ry = vermeer-rye, 10e-17e ry = vermin-rye.

Begin met 70ks, draai.

1e ry: Begin in 9e ks vanaf hekelpen en maak 5spsp, 13lb, 2ks, slaan 2ste oor, 4spsp, 3lb, 3ks, 1lb in dieselfde st as laaste lb.

2e ry: 3 (draai-) ks, (3lb, 2ks, 3lb) in 3ks-sp, 2ks, 4spsp, 2lb in sp, 11lb, 2ks, slaan 2lb oor, 4spsp, 2lb in vlg sp, 3lb in 3lb, 2ks, 1lb in 3e van 3 draai-ks.

3e ry: 5 draai-ry, 5lb in 5lb, 2lb in sp, 2ks, 4spsp, 13lb soos tevore, (dws 11lb in lb, 2lb in sp) 2ks, 4spsp, (3lb, 3ks, 1lb) in laaste 2ks-sp. Gs terug tot laaste gemaakte 3ks-sp.

Kyk op diagram en hekel so voort tot 9e ry voltooi is; eindig met (3lb, 1ks, 1lb) in laaste 2ks-sp.

10e ry: gs terug oor lb tot in 1e sp; (3ks, 2lb, 2ks, 3lb) in dié ks, 3lb in vlg sp, 4spsp, slaan vlg 2 lb oor, 11lb in 11lb, 2lb in vlg sp, hekel volgens patroon tot einde van 11e ry; eindig dié ry met: 3lb in laaste 2ks-sp, (3lb, 1ks, 1lb) in laaste sp.

12e ry: Begin met: (3ks, 2lb, 2ks, 3lb) in 1ks-sp, 3lb in vlg 2ks-sp, ens.

18e ry: Soos 2e ry en herh 2e-17e ry deurgaans tot verlangde lengte bereik is. Knip gare af en werk netjies af.

RANDJIE MET BLARE

Let wel: hekel 'n veelvoud van 6 plus 3 filet-sps wat aan rand van handdoek pas.

1e ry: sps tot einde.

2e ry: 1blk, herhaal (3sps, 1blk, 2sps) tot laaste 4 sps; eindig met 3sps, 1blk.

3e ry: 1blk, *(1sp, 1blk, 5ks slaan 1blk oor, 1blk, 2sps); eindig met 1blk.

4e ry: 1blk, *(1sp, 1blk, 3ks, 2kb in 5ks-lus,

3ks, slaan 1blk oor, 1blk); eindig met 1sp, 1blk.

5e ry: 2blks, *(5ks, 2kb in sp, 2kb in kb, 2kb in sp, 5ks, slaan 1blk oor, 1blk); eindig met 1blk.

6e ry: 1blk, *(1sp, 1lb in laaste lb, 2lb in lus, 3ks, 2kb in middelste 2kb, 3ks, 2lb in lus, 1lb in 1e lb); eindig laaste herh met 1sp, 1blk.

7e ry: 1blk, 1sp, *(1sp, 1lb in laaste lb, 2lb in lus, 2ks, 2lb in lus, 1lb in 1e lb, 2sps); eindig met 1blk.

8e ry: 1blk, *(3sps, 1blk, in 2ks-sp, 2sps); eindig laaste herh met 3sps, 1blk.

9e ry: deurgaans sps.

BLAAR: begin met 21ks, draai, hekel 20kb in ks (dit word middelste "nerf").

1e ry: 5ks, 20kb aan ander kant van ks-ry, 3kb in eind-ks, kb tot laaste 2ste.

2e ry: 5ks, draai en slaan eerste 2 ste oor, hekel slegs in agterste lusse, kb tot punt, 3kb

in 1e st, kb tot laaste 2 ste.

Herh 2e ry tot aan elke kant van blaar 4 lusse gevorm is, hekel kb tot basispunt van blaar, gs "steeltjekant" aan 8e sp vanaf beg van reguit rand vas, hekel kb tot 4 ste vóór laaste gevormde lus.

Skulprand rondom blaar: 1e ry: 8ks, 1kb in lus, (5ks, 1kb in vlg lus) 8 keer, 5ks, 1lb in 4e st op blaar, draai.

2e ry: 3ks, 1osk in lus, (2ks, osk in vlg lus) 9 keer, draai.

3e ry: 3ks, osk in osk, (5ks, osk in osk) 9 keer, draai.

4e ry: 3ks, gs vas aan vlg 8e sp aan rand, (1p, 1lb in osk) 3 keer, *3ks, 1kb in lus, 3ks, (1lb, (1p, 1lb)) 3 keer; herh van * tot einde.

Die volgende blaartjies word op dieselfde manier aan reguit rand vasgeheg, en ook by die drie picots van die twee groepe naaste aan reguit rand, soos op illustrasie gesien kan word.

DIAGRAM VIR SIGSAGRAND





DIAGRAM VIR BLAARTJIERAND SE REGUIT STROOK



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – spatie
 ■ – blokkie